**9 Februarie 2020**

# Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

## 1 Korintiërs 2:1-16

wat wil jy vandag **bereik?**

God se Gees laat ons glo, nie mense se slim woorde nie.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Watter mense in jou lewe vertrou jy as hulle praat? Hoekom?

Wat maak dat ons mense vertrou en glo?

Is slim en goeie woorde al wat belangrik is om ons te oortuig van iets? Of kort daar meer?

**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

**1. Ons eie storie**

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

**2. God se storie**

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

**3. Ons nuwe storie**

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

**GOD** se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **1 Kor. 2:1-16** saam as 'n groep. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

**Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd**

Speel 'n waarheid en wolhaar speletjie. Elke persoon moet twee goed van hom/haarself vertel. Een is die waarheid en die ander een nie. Jy moet probeer dat die mense dit verkeerd raai. Gee die groep kans om te kies watter storie is die ware een en watter een is die wolhaarstorie. Hoe is Jesus anders as wolhaarstories? (Wie Hy is en wat Hy gedoen het, het by mekaar gepas.)



## **gesels** dan oor die volgende saam

Hoe help die verskillende karakters en Oupa Abie se gesels jou om die gedeelte beter te verstaan?

Hoekom was dit belangrik dat die mense verstaan dit is God se Gees wat hulle laat glo, en nie Paulus of ander mense se slimmigheid nie?

Omdat God se Gees aan ons geloof gee, beteken dit alle mense kan tot geloof kom, nie net slimmes en sterkes nie. Party mense wou nie na Paulus luister nie, want hulle het nie gedink hy is indrukwekkend genoeg nie. Hoe sou hierdie verse hulle reghelp?

Wat leer hierdie gedeelte ons oor God se Gees en geloof?

## ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

God se Gees aan ons geloof, nie ons eie oulikheid nie. Met watter soort oë (hard of sag, kwaai of vriendelik) behoort ons dan na mekaar te kyk?

Watter soort Christene maak jou maklik kwaad? Hoe daag hierdie gedeelte jou uit met daardie kwaad word?

## **na** die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## **bid** vir mekaar

Bid vir God se kerk om as geroepenes verenig te lewe.

Bid dat Christene nie onderskeid sal tref tussen beter en slegter mense nie, maar dat ons almal eerder onsself sal meet aan Jesus.

Bid dat julle eie gemeente Jesus se voorbeeld sal volg.